# Die Weg na Saligheid (21-02-2016)

**Hierdie boodskap is saamgestel deur bydraes van die gemeentelede op ‘n klompie vra.**

**Waarom het ons verlossing nodig?**

**Wie is ek en wie is GOD?**

**Waar kom ek vandaan en hoekom is ek hier?**

**Wie is GOD en waar kom Hy vandaan?**

**Waarom het Hy so pynlike wereld beplan en gemaak?**

## EK IS WAT EK IS

- Skepper van hemel en aarde
- EK IS liefde
- EK IS geregtigheid
- EK IS almagtig
- EK IS onveranderlik
- EK IS genadig
- EK IS geneesheer
- EK IS barmhartig
- GOD is lig
- EK IS Heilig

**As GOD dan GOD van liefde is, waarom wil Hy mense in die hel gooi?**

**Hoekom wil GOD mense martel en waarom behaag dit Hom om hulle te laat swaarkry in die hel?**

**Hoe weet ek dat Hy my regtig liefhet en dat Hy vir my omgee?**

**Wat het veroorsaak dat ek van Hom geskei was en hoe kan ek weer met Hom verenig?**

**Wat is die weg van saligheid?**

1 Korinthiërs 6:19  Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?

Johannes 3:5  Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Romeine 6:1  Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan
word? 2  Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin
lewe? 3  Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop

is nie? 4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos
Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe
lewe kan wandel. 5 Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan
sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; 6 aangesien ons dit weet
dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou
word en ons nie meer die sonde sou dien nie. 7 Want hy wat gesterf het, is geregverdig
van die sonde.

Romeine 8:8 En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; 9 julle is egter nie in die
vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die
Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. 10 Maar as Christus in julle is,
dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die
geregtigheid. 11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle
woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend
maak deur sy Gees wat in julle woon.

+*+*+*+*+*+*+*+*+*+*+*+*+*+*+*+

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE